<u>Skriflesing:</u> Openbaring 19:11-21
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 48**
Sing: Ps 68:8; Ps 72:1,3; Ps 146:4 (Ps 99:1,3)
Verlede keer in Sondag 47, broeder en suster, was ons by die verskillende kleure perde in Openbaring 6. Vandag in Openbaring 19 sien Johannes weer die wit perd. – *Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid…* Dit is baie duidelik hierdie perd dra 'n Koning. Daar word gepraat van die baie krone wat die Ruiter op sy beurt dra. Uit die oë van die Ruiter slaan daar vuurvlamme uit en Hy is die Een wat die wêreld sal vonnis en Hy oordeel in geregtigheid. Sy kleed is in bloed gedoop en sy Naam wat niemand ken nie, net Hyself maar tog is Hy in sy Naam geopenbaar- Sy Naam is- *Die Woord van God.*

Soos wat Johannes al dieper kon ingaan op wat hy hier kon sien, is v.15 die koninklike onderstreping van presies die volle gesig. Vers 16 noem Hom dan – *Die Koning van die konings en die Here van die here…* Daar kan by ons geen twyfel wees nie dat Jesus Christus hierdie Koning is. Hy wat deur die wêreldgeskiedenis as Heerser, as Koning sal triomfeer. Hy regeer, dit is waaroor Op.19 oor gaan.

Ons gebed wat die Koning ons geleer het, gaan oor die koms van die wit perd- ons staan vandag by die tweede bede- ***Laat u koninkryk kom…*** Dadelik besef ons wanneer die koninkryk van God ter sprake kom dan is dit nie vir almal ewe duidelik wat word nou presies bedoel as daar van die koninkryk van God gepraat word nie. Tog is dit so belangrik dat ons dit moet weet. Johannes die Doper het uit die begin van Jesus se optrede op aarde dit met ons bekering in verband gebring. – *Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom…* Jesus Self het baie gereeld oor die koninkryk gepraat. Wat bedoel die Here as Hy sê die koninkryk is nie iets wat uiterlik bestaan nie, maar die koninkryk is in ons. As die Fariseërs vir Jesus vra wanneer die koninkryk dan sal kom, dan antwoorde Jesus hulle met die inwendige van die koninkryk (vgl. Luk 17:21). Jesus sê dat die koninkryk nie met uiterlike gelaat sal kom nie. Mens sal nie na buite kan kyk en sê – hier is die koninkryk of daar is die koninkryk nie.

Die koninkryk is hier onder ons midde, sonder dat mens dit dan werklik kan raaksien. Tog het Jesus dit ook baie duidelik wou maak dat die koninkryk wel reeds gekom het. Nou word dit natuurlik ’n al hoe moeiliker vraag dat as die koninkryk dan reeds gekom het, waarom dan die gebed- *Laat u koninkryk kom…?!*

***

Om die vrae net nog nader na mekaar te bring. Hoeveel koninkryke leer die Woord ons. Op.19 verkondig baie duidelik dat Christus Koning is. Christus het dan ook ’n koninkryk, maar is die koninkryk van God dieselfde as die koninkryk van Christus? Christus het oor sy koninkryk selfs nog voor Hy gekruisig was Hom voor Pilatus verantwoord- want het Pilatus vir Hom gevra- *Is U die Koning van die Jode?* Jesus antwoord vir Pilatus so anders as wat Pilatus dit sou verwag- Jesus sê vir Hom- *My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie…* Pilatus wil Jesus dan probeer vaskeer deur ’n ja of nee antwoord- Jesus moet dan tog duidelik sê of Hy wel Koning is! Dan antwoord Jesus Hom in die duidelikste taal- *U sê dat Ek ’n Koning is. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek in die wêreld gekom.*

Die feit dat die koninkryk waarvan Jesus praat nie van hierdie wêreld is nie wys dat Christus Self tussen twee koninkryke onderskei. Jesus verklaar ook die verskil tussen ’n wêreldse koninkryk en die koninkryk waarmee Hy kom. ’n Wêreldse koninkryk is op mag gegrond wat met wapens en politiek verstrengel staan. So ’n koning het soldate wat vir hulle koning sal veg terwyl die koninkryk wat Jesus voor Pilatus stel dit nie só sal werk nie. Pilatus verstaan natuurlik geen snars van wat Jesus aan hom sê nie, want as jy nie by die Koning van die koninkryk kan begin nie, as jy nie weet Wie waarlik die Koning is om Wie dit gaan nie, dan sal jy van sy ander koninkryk niks verstaan nie.

Tog is nie net Pilatus blind en doof vir die ware koninkryk van God nie, maar broeder en suster, ons mense het eintlik nog maar altyd vir die koninkryk van die wêreld groter begrip wou toon as vir die koninkryk van God. Ons leer so swaar om juis te besef die wêreldse koninkryk sal nie heil bring nie. Die toring bouers by Babel het gedink om hulle eie koninkryk op te rig en wat het daarvan geword?! Ons moet besef wanneer ons bid- *Laat u koninkryk kom…* dan bid ons dat Christus in sy Ryk, ja Christus in sy

Koninkryk alle teenstand sal afbreek. Ja, die koninkryk van God moet ook al ons menslike koninkrykies afbreek. Die oorwinnende krag van Jesus Christus is dieselfde as God se krag. God die Vader se koninkryk en Jesus se koninkryk is waarlik in alles een…daar is net een koninkryk van God, en ons bid dat hierdie waaragtige koninkryk deur alle teenstand sal kan breek. Mag die Ruiter op hierdie wit perd in alles, sy vaart en oorwinning behou. Hy wat reeds die oorwinning behaal het maar die volle prys moet nog ontvang word!

***

Die woord wat die Kategismus by hierdie bede voorop plaas is die woord- REGEER…! Hier word van een Koning en een Ryk gepraat en die Koning moet oor sy Ryk regeer. Christus die ewige Koning wat nie sonder onderdane kan wees nie. Hy wat vir Homself onderdane kan skep- selfs uit die klippe kan Hy dit doen! Die koninkryk is daar ter wille van die Koning en nie andersom nie. Die Koning wil dat sy onderdane wel vir sy Ryk moet bid.

Nou begin die Kategismus baie duidelik nie in een groot geheel met ons te praat nie. Hier werk die gebed deur na die enkeling. Trouens dit begin by jou en my as enkelinge, as individue- dat **ons, ons so deur God se Woord en Gees sal laat regeer, dat ons ook hoe langer hoe meer aan God sal onderwerp.** Tegelyk onderskryf die Kategismus eintlik maar net die Here se Woord- die koninkryk wat nie in die sigbare geleë is nie en dit kom nie maar net in woorde nie, maar in krag. God wat die Almagtige is, maar Christus het alle mag in die hemel en op die aarde ontvang. Daar is niks buite die mag van God nie. Selfs die goddelose, die duiwel en alle bose magte kan nie buite die mag van God omgaan nie. Al sal die bose nooit gewilliglik aan die mag van God onderwerp wil wees nie, is dit in alle geval reeds onderwerp. Hulle kan hulle ook nie roer of beweeg as God hulle nie toelaat nie.

Ons besef ook en dit moet ons in gedagte hou die stryd tussen die koninkryk van God en die ryk van die Satan is nog nie finaal voltooi nie. Die duiwel wat genoem word die owerste van hierdie wêreld sal nie maklik van sy ryk wil afsien nie. God se ryk en Satan se ryk is baie beslis teenoorgesteld van mekaar maar tog in hewige stryd met mekaar.

God het die vyandskap gestel tussen die saad van die slang en die saad van die vrou, dit wat ons besef dit alles met die moederbelofte saamgaan. Daar was reeds 'n koninkryke-stryd aangekondig- ***En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.***

Dit wat Genesis ons van God se koninkryk openbaar het net duideliker en duideliker geword. Johannes sien dit so duidelik dat Hy kan aankondig- die koninkryk het naby gekom. Dit is naby want Christus, die Koning het reeds gekom. Hy die Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie. Die kerk is die wyse en die plek waar Christus die onderdane van sy ryk vergader, beskerm en onderhou. Om hierdie gebed te bid is om te vra dat ons sy onderdane sal wees. Deur die wedergeboorte wat God skenk en deur bekering verkry ons dan ook die toegang tot hierdie rykdom wat God se koninkryk is. In hierdie ryk word ons dan ook deur die Woord en Gees van God regeer, as Christus deur sy Woord en Gees ons dan ook gewillig maak om Hom van ganse harte te dien. Ons wil deur hierdie bede die eer van God in ons persoonlike lewe voorop stel. Trouens ons bid dat God se koninkryk ook deur my persoonlike lewe sal kom. Die Kategismus praat dat ek in persoon my hoe langer hoe meer aan hierdie Koning sal onderwerp.

***

Maar ons besef soos ons dikwels dit al moes raaksien dat God kyk nie na ons asof ons maar soos 'n klomp los sandkorrels is nie. In God se ryk staan mense nie maar los van mekaar nie, maar ons is 'n verbondsgemeenskap. Dit impliseer ons is 'n organiese eenheid, daar moet lewensgemeenskap tussen ons wees soos wat die ranke nie van die wynstok losgemaak mag word nie, die Hoof hoort by die liggaam.

Die koninkryk kom dan ook nie net in my persoonlike lewe nie, maar ons bid dat die koninkryk juis ook in ons kerklike lewe sal kom. Soos ek in hierdie gebed persoonlik met my hele hart myself wil voeg by die voortgang van die Here se ryk, bid ons juis ook vir die koninkryk van die hemele in ons kerklike gemeenskap. Die Kategismus bewoord dit dat in hierdie gebed bid ons dat die Here sy kerk sal **bewaar en laat dit groei.** En die bewaring word so duidelik gestel dat waar dit in die kerk net om die Woord van God moet gaan, bid ons terselfdertyd dat die Here sy Woord sal bewaar…ons vra dit in die

mate dat die Here **die werke van die duiwel sal vernietig, en elke mag wat teen die Here opstaan,** ook vernietig sal word. Dit gaan nog verder- **dat alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word,** dat dit vernietig sal word. Die gebed om die koms van die koninkryk is tegelyk ’n gebed om vernietiging teen dit alles wat in die koms van die koninkryk se pad wil staan. Ons bid dat die Here sy kerk strydvaardig sal maak. Die kerk wat bewaar moet word en vermeerder moet word, dit moet ons bid met die oog op die koms van die koninkryk. Die kerk is die vuurherd wat die harte vir die koms van God se koninkryk warm moet laat word. Die kerk is daar ter wille van die koninkryk van God wat met al twee die werkwoorde intens geraak moet word en ywerig moet ons daarmee besig wees om te bewaar en te laat groei. Dit staan nie los van mekaar nie, maar beide, die bewaring en die groei moet tegelyk plaasvind. Hoe besonder om te besef in hierdie gebed word die statiese met die dinamiese verenig.

Die een aspek moet dan ook nooit ten koste van die ander gebeur nie. Beide van hulle word deur Christus in sy kerk-vergaderende werk saamgevoeg. Dit is Hy wat immers bewaar en laat groei. In die tyd van geloofsafval en verlating van die kerk hoe nodig het ons hierdie gebed. Mag die Here ons weer by die fondamente van die apostels en profete bring, mag ons dit bewaar, maar dieselfde krag wat die bewaring moet werk, moet ook werk in die opbou van die kerk. Dat die opbou en die groei van die kerk ook met krag sal geskied. Die Here wil deur die gawes wat Hy aan ons skenk sy kerk ryklik laat groei. U moet dit ook goed raaksien, die Kategismus praat nie oor die kerk asof dit maar aan ons behoort nie. Antwoord 123 praat duidelik van **U kerk**. Dit gaan nie oor ons kerk of maar net oor die kerk nie, maar die kerk behoort aan die Here. U kerk wat ons naby aan die harte moet lê wanneer hierdie gebed om die koms van die koninkryk in die tweede bede ons die harte ingelê word.

***

Die koninkryk wat naby ons gekom het, dit wat Johannes sê, Jesus wat openbaar dat die koninkryk in ons gekom het, in ons midde is reeds die koninkryk van God, dit gebeur deur God wat Self sy eie werk sal voltooi. Ja kragte wat ons nie alles van weet, kragte waaroor ons hoegenaamd nie oor beskik nie. daarom sal ons by die koms van God se koninkryk ook nie kan wegneem dat ons wel hier ook met ’n groot geheimenis te doen

het. ’n Geheimenis maar nie dat die Here die geheim daarvan net in Homself bewaar nie. God wil die mens sy mede-arbeider maak en daarom laat God sy koninkryk ook in ons lewens kom. Dit word net sterker en sterker, God laat sy koninkryk in sy kerk kom, dat sy Woord en sy Heilige Gees werklik in die lewe van sy kinders mag deurwerk. Ons bid in hierdie gebed dan ook vir die wêreld. Ons bid in waarheid dat die Here op so ’n besondere wyse sy werk sal doen dat sy kragte mag uitgaan in hierdie wêreld. Kragte wat deur sy Woord en deur sy Heilige Gees en deur sy engele so mag deur werk, sterker as wat ons dit kan beskryf.

***

Hoe dit alles dan gebeur, moet u nie dink u kan dit alles verstaan nie. Geen mens weet wat werklik die kragte is wat mense die werk van geloof en bekering laat doen nie. Tog is dit deel van die vervulling van die gebed- ***Laat u koninkryk kom…*** Ons is nie vermetel as ons die Here vra dat Hy sy koninkryk oor heel die wêreld moet uitbrei nie. Dit is die Here wat Self gesê het- *aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.* Ons kan wel se dat God hierdie werk deur sy Woord en Gees doen, maar presies hoe die Gees werk en presies hoe die engele werk kan niemand presies verklaar nie. Ons weet wel dat dit beslis gebeur. Die kragte wat werk is hier, al kan ek dit nie sien nie. Dit werk trouens so sterk dat dit soos ’n vuur in hierdie wêreld brand. Dit werk selfs verdelend en daar kom verdeeldheid tussen die mense. Die mense wat dan teen God is, die mense vir wie God nie hulle Koning is nie, ek kan tog nie met hulle wil saamwerk nie. Ons vra God dan ook deur hierdie gebed om ons onkunde weg te naam, dat ons Hom sal ken en vir Hom sal kies en nie teen Hom sal kies nie.

Die Kategismus stel dit hier baie sterk dat my keuse vir God doelbewus ’n keuse sal word teen Satan. **Vernietig die werke van die duiwel…** vernietig… vernietig. Vernietig elke mag wat teen U opstaan, vernietig alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word. Ons moet nie dink hierdie werke en magte en planne teen God is maar verbeelding, hipoteties iets waarmee ek net rekening mee moet hou nie. Dit is ’n konkrete werklikheid. Dit sal nie help om maar net daarmee rekening te hou nie.

Ons moet dit besef en ons beleef dit dat die kerk van die Here deur die duiwel bedreig word. Die bedreiging van Satan moet baie ernstig opgeneem word. Martin Luther het dit so intens beleef dat hy wat Luther is 'n slag toe hy meen hy die duiwel teen hom sien werk het hy die inkpot geneem en die duiwel daarmee gegooi, vas teen die muur in die vertrek waarin hy was. Ons is in hierdie gebed die mede-arbeiders saam met God wat sy koninkryk wil sien kom. Ons bid nie asof die koninkryk iets objektief, van buite waarneembaar is, en ek dit maar bestudeer nie… Née, hierdie saak word totaal in die subjektiewe kant ontplooi dat dit kan nie anders dat ek ook nou by die koms van God se koninkryk werklik betrokke moet wees, dat ek met Luther wat dit aanbetref op een lyn sal staan en die duiwel se werk aktief sal wil afbreek.

Een van die duiwel se grootste planne is om die Woord van God af te breek. Die Kategismus lig dan ook hierdie plan van Satan in besonder uit. Wanneer ek hierdie gebed bid dat die Here se koninkryk moet kom, dan bid ons vir die werk van sending en evangelisasie. Ja om baie meer as net die sendingwerk maar dat die koninkryk op alle terreine van ons lewe sal deurwerk. In die besighede, in die boerderye, in die myne, in die fabrieke, in die politiek, ja broeder en suster, daar mag nie 'n enkele terrein van ons lewe wees waar die koninkryk in sy krag en heerlikheid nie moet inkom nie. Ons het die koms van die koninkryk werklik in alles so nodig.

En dit moet nie maar net lippetaal wees nie. Dit moet in alles die rigting van ons hele lewe beheers. Die perd wat hier aan die kom is mag nie gekeer word nie, die wit perd met Christus as die enigste Ruiter. Ek moet Hom oor alles in my lewe wil sien kom. Die Kategismus eindig hierdie gebed wat in die tweede bede ingesluit is dat die koninkryk so mag kom…**totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees...** Ons wil dan in alles aan God oorgegee wees. Saam met die inhoud en die vervulling van hierdie gebed wil ons die vrug daarvan tog ook pluk. Dit moet nie iets kunsmatig wees as maar deel van die dinge wat net 'n deel van my lewe raak nie, maar dit moet my lewe wees dat God as Koning in my sal kom en deur my sal kom, ongeag voor wie ek staan, of watter omstandighede ek ook al in mag verkeer. Niks moet die koms van die koninkryk kan keer nie. Dit mag nie los staan van die lewe van elke dag

nie. Dit kan ons nooit genoeg beklemtoon nie. Die koninkryk is nie maar 'n aanhangsel van ons lewe nie, maar dit is die lewe wat God jou wil skenk. Ons kan praat van Sy koninrykslewe!

Ons eie swakke kragte kry dan te doen met die grootste kragte wat daar kan wees. Die koninkryk wat nooit van hierdie wêreld is nie, moet in hierdie wêreld kom. Die koninkryk wat nie maar net geestelik deel van ons godsdiens is nie, maar dit kom ook in betrekking met alles wat stoflik en tydelik is, totdat die tydelike van die lewe ook eendag opgehef sal word.

God is oor die hele wêreld Koning. Oor die hele lewe wat God geskep het is Hy Koning. In alles moet Hy as Koning erken word. Hierdie Koning sê aan ons- *My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,* anders dan sou Jesus se dienaars met die swaard gestry het. Petrus by die afkap van Malchus se oor moet sy swaard vinnig terugsit, want die koninkryk van God beskik oor middele en handhaaf kragte wat ons kan gebruik maar nie oor kan beskik nie.

Mag hierdie gebed in u lewe dan ook met u werke gepaard gaan. Selfs al gaan ons die hemelpoorte deur, mag u selfs dan nog bid- ***Laat u koninkryk kom…*** Selfs by die uur en minute van ons dood moet ons nog altyd die Here dien en loof en aan Hom gehoorsaam wees. En wanneer alles voltooi is, die uurglas van die wederkoms bevat geen sandkorrels nie, maar die ewige heerlikheid van God se koninkryk is nog steeds aan die deurloop. Selfs dan wanneer die laaste basuin klink, God sal die wêreld finaal oorwin, mag dit dan nog steeds ons gebed wees, selfs in daardie oomblikke – ***Laat u koninkryk kom…*** Wanneer ons bid- MARANATHA- *Kom Here Jesus, kom gou…* dit is 'n gebed uit die heerlikheid van die koninkryk gebid. Mag u ook daardie heerlikheid ontvang, mag u so wil bid.

AMEN

Vrae uit Sondag 48

1. Wat is die betekenis van die wit perd in Op.19? Wie is sy Ruiter… wat dra die perd alles saam?
2. Verstaan almal presies dieselfde as ons van die koninkryk van God praat?
3. Wat het Johannes die Doper oor die koninkryk van God gesê?

4. Wat was Jesus se verduideliking oor die koninkryk van God?
5. Is die koninkryk van God en die koninkryk van Christus dieselfde koninkryk?
6. Wat moet ons onder die koninkryk van God verstaan?
7. Is die wêreld ook besig om sy eie koninkryk te wil bou? Motiveer.
8. Watter werkwoord word by hierdie gebed deur die Kategismus voorop geplaas (2de par. p.3).
9. Verduidelik waar die koms van God se koninkryk wil begin… by die enkeling of by die massas?
10. Watter betekenis het die moederbelofte (Gen. 3:15) as ons oor die koms van God se koninkryk handel?
11. Wat is die middele waarmee Christus ons in sy koninkryk mee regeer?
12. Het hierdie gebed om die koms van die koninkryk enigiets met die kerk van die Here te make? Motiveer.
13. Op watter besondere (unieke) wyse moet ons vanuit hierdie gebed *vir* die kerk bid en *oor* die kerk praat?
14. Kan die gebed om die bewaring van die Here se kerk en om die groei van die Here se kerk van mekaar losgemaak word?
15. Is dit nie belangriker dat daar eintlik meer groei in die kerk moet plaasvind nie, en dat ons die ou dinge waarmee die Here sy kerk nog altyd bewaar het meer op die agtergrond moet skuif want dit belemmer die groei?!
16. In watter opsig het die groei van die kerk met die opbou van die kerk te make?
17. Kan ons die kragte waarmee die koninkryk aan die kom is in alles verstaan en verklaar?
18. Het die engele ook enigiets met die koninkryk van God te doen?
19. Kan die koms van God se koninkryk ook in die lewe van mense verdelend werk?
20. Wat is die dinge wat in die koms van God se koninkryk alles vernietig moet word?
21. Hoe het Martin Luther die bedreiging van Satan gesien en wat was sy optrede?
22. Is die koms van die koninkryk iets wat jy van buite objektief kan bestudeer?
23. Is daar enigiets in ons lewe wat van die koninkryk van God losgemaak kan word?
24. Is daar ooit ’n tyd (dalk my sterwensoomblikke) waarin ek mag ophou om vir die koms van God se koninkryk te bid?
25. Wat beteken die woorde *maranatha* en watter betekenis dra dit in die gebed om die koms van God se koninkryk?


SONDAG 48
123. Wat is die tweede bede?
Laat u koninkryk kom
Regeer
Bewaar en laat groei
Vernietig
Wie en hoe?
ons deur u Woord en Gees
Hoekom?
dat ons hoe langer hoe meer ons aan u onderwerp
Wat?
u kerk
Wat?
die duiwel
elke mag wat teen u opstaan
alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word
totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees